TWEEDE VOORBEELD VAN ANTWOORDE VAN 'N HOORDER

1. Inhoudelik

1.1. Wat verwag u as hoorder van 'n preek? *Dat ek daaruit sal kry die twyfel, die sekerheid, die heilige onrus, die gemoedsrus — om my die hele week te laat soek maar ook versterk.*

1.2. Hoe beoordeel u die preke wat u hoor in die lig van 1.1. hierbo. *Die prediking veralgemeen — is te wyd en omvattend — dit spesifiseer nie — dit betrek my nie persoonlik nie. Dit is vir die trop!*

1.3. Kry u die indruk dat erns gemaak is met die studie en voorbereiding van die preek en dat eerlik gepoog word om dii teks te verklaar? *Beslis ja! Soveel so dat ek soms die indruk kry dat die teks 'n doel is en nie 'n middel nie. Te veel agtergrond en verklaring. Te min toepassing.*

1.4. Word die Nuwe Testament vanuit die Ou Testament belig en vanaf die Ou Testament na die Nuwe Testament gekom of word daar 'n direkte gelykskakeling tussen die O.T.-situasie en ons eie situasie gemaak? *Te veel van 'n leek om hierop te antwoord. Watter Testament ook al gebruik word, word Christus tog ook gepredik.*

1.5. Indien u sonder reserwe met dominees kon praat, watter raad sou u aan hulle wou gee? *Om bo alle twyfel seker te maak dat sy preek tref. Om sy hand in eie boesem te steek en steeds te bly soek na die hart van sy hoorders. Om reg op die man af te preek. Om nooit te selfversekerd te raak nie.*

2. Stofkeuse

2.1. Hoedanig varieer die stofkeuse vir die prediking. (Word bv. afwisselend uit die O.T. en N.T. gepreek; word historiese- en profetiese stof afwisselend behandel ens.)? *Ja.*

2.2. Maak die tekskeuse 'n beplande of lukraak indruk? *Ek sou sê ja. Of dit tref, is 'n ander saak.*

3. Aktualiteit

3.1. Watter fokus het die prediking wat u hoor. (Is die fokus bv. eng in die sin dat dit net fokus op die kerklike lewe; kerkbesoek, bydraes, ens. of op die persoonlike voorkeure en beklemtoninge van die prediker, of word die hele linie van die geloofslewe in fokus geneem, ook die sport en sakelewe.) Evalueer asseblief openhartig. *Fokus dek gewoonlik die hele linie. Die indringing ontbreek egter.*

3.2. Hoedanig motiveer die preke wat u hoor u vir christenskap in die week? *Dit motiveer my nie. Dit maak my wel bewus van die slegte en die goeie. Dit onderrig my maar betrek my nie.*

3.3. Wat is u eerlike diagnose oor die relevansie van die preek? *Dat tyd en poging bestee is aan die beplanning en verklaring*

van preek in teks maar dat die trefkrag verlore gegaan het in 'n te wye beplanning.

3.3.1. Hou dit vir u *persoonlik* 'n boodskap in van hart tot hart en voel u betrokke by die preek? *Nee! Alleenlik só betrokke as wat 'n geheel of 'n gemeenskap hom betrokke kan voel.*

3.3.2. Hoe raak die preek u gesin in sy differensiasie (bv. man en vrou se behoeftes; gerigtheid op die behoeftes van die jeug, bejaardes, ens.)? *Dit raak as onderrig oor die breë terrein. Gerigtheid is juis die tekort.*

3.3.3. Bespeur u 'n aanvoeling by die prediker vir die mens van ons tyd en sy (pastorale) probleme? *Prediker het wel kennis van probleme maar sy indringing faal hopeloos.*

3.3.4. Wat beskou u as die *besondere* probleme van ons tyd wat u graag in die prediking betrek wil hê? *Simptome van siekte en probleme is legio in ons tyd. As ons 'n lewende Christus in ons kerk en in ons lewe kan stry, sal Hy die siektes genees.*

3.3.5. Wat is u beskouing as hoorder oor die moderne gedagtes t.o.v. aktueler prediking, bv. die dialogiese metode (d.w.s. dat die prediker in sy preek ook vrae stel wat leef in die harte van die hoorders; dat hy in lyn met die moderne lewensgevoel meer soekend preek as „aanseggend"); op die jeug gerigte prediking; diskussie na die diens oor die preek; Bybelstudie i.p.v. prediking, ens.? *Myns insiens die enigste manier om Godsdiens in ons kerk lewendig te maak. Aktuele prediking sal betrek, aktiveer en onrus wek. Onrus bring oordenking.*

3.3.6. Hoe meen u kan die prediker die gevaar vermy om die hoorders in sy prediking aanstoot te gee deur 'n houding van „afstand", „heilig wees", afsydigheid ens. *Deur natuurlik te praat en te preek. Deur eenvoudige dog dringende taal te gebruik. Deur te alle tye nederig en opreg te wees. Deur in sy prediking ook die kinders te noem as deel van sy gehoor. Deur in sy prediking te laat blyk dat hyself nie onaantasbaar is nie.*

4. Formeel

4.1. Word die preek logies en as 'n afgeronde eenheid gebring? *Meestal ja.*

4.2. Wat is u mening oor die taalgebruik van predikante in die prediking in terme van die volgende leidinggewende woorde: predikantetaal, teologiese vaktaal, kanseltaal, tale Kanaäns, cliches, ens.? *Uitgedien.*

4.3. Watter kenmerke, meen u, moet die taal vir die prediking hê en watter gevare moet vermy word? *Die taal moet eenvoudig wees — gewone spreektaal. Maar sterk, dringend soos 'n man in erns — geen herhaling, geen temery, geen skreeuery.*

4.4. Is daar sekere tipiese predikantshoudinge en -maniere wat in die prediking na vore kom en vir u as hoorder lastig is? Indien wel, noem dit asseblief. *Hande kan ekspressief gebruik word en so ook die stem om te boei. As die inhoud van die preek egter reg is, sal sogenaamde lastige houdings nie veel hinder nie.*

4.5. Is die preke wat u hoor te kort of te lank en is dit bevatlik

ook vir die kinders en jeug? *Nie bevattend genoeg nie. Te lank of te kort? Baie woorde maak soms 'n kort preek — afhangende van die aanbod.*

4.6. Indien daar *enigiets* is wat u as hoorder wil byvoeg, kan u dit hier doen. *U mag my benadering as negatief bestempel. Dit is per slot van sake 'n persoonlike siening. Aan die ander kant smag ek soos duisende ander na positiewe, aktuele betrekkende prediking — weg van vae dogma af of die erkende vorm. Verder gee ek toe dat ek baie dikwels onder hoogsstimulerende prediking was — veral ons jonger predikers — mense wat totale begrip het vir die jeug en sy probleme. Manne wat meelewe, meehelp en kontak maak. Manne wat Christus en die goeie 'n lewende moontlikheid maak in die persoonlike lewe van ons probleemmense.*

Voetnoot: Beide antwoorde onveranderd geplaas.